Downloaded from www.mycourses.co.za

higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIENRIGLYN

## NASIONALE SERTIFIKAAT

## PUBLIEKE ADMINISTRASIE N5

## 15 NOVEMBER 2016

**Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 1.1.1 Dit is die implementering van regeringsbeleid. Dit is ook 'n akademiese dissipline wat die implementering van regeringsbeleid bestudeer en staatsamptenare voorberei om in die staatsdiens te werk. Dit is 'n onderskeidende aktiwiteit wat plaasvind waar mense saamlewe, leiers verkies word, en mense se lewenswyse aan die hand van die samelewing se reëls en regulasies georden en bestuur word.

1.1.2 Dit is die regering van die mense deur die mense vir die mense.

1.1.3 Dit is 'n basiese stel reëls en beginsels waarvolgens 'n land regeer moet word.

1.1.4 Dit is 'n handelswyse of beginsel wat deur die regering, 'n instelling of 'n onderneming aanvaar of voorgestel word. Dit is ook 'n verklaring van voorneme om iets te doen of te laat doen, te besluit oor wat gedoen moet word, en wanneer en hoe dit gedoen moet word.

1.1.5 Dit is 'n proses waarvolgens aktiwiteite, wat vereis word om 'n doel te bereik, georganiseer word en daaroor besin word.

1.1.6 Dit verg dat 'n groep mense saamwerk om 'n gemeenskaplike doelwit te bereik.

1.1.7 Dit is die toewysing van gesag aan 'n ander persoon om bepaalde take of aktiwiteite uit te voer.

1.1.8 Dit is 'n raming of plan van inkomste of uitgawes.

1.1.9 Dit is die sistematiese ondersoek na en verifiëring van rekeningboeke, transaksierekords en ander tersaaklike dokumente, en die fisiese inspeksie deur gekwalifiseerde rekenmeesters/ouditeure.

1.1.10 Dit is die plig om 'n taak tot voordeel van die hele organisasie uit te voer.

(10 × 2) (20)

1.2 1.2.1 Onwaar
1.2.2 Onwaar
1.2.3 Waar
1.2.4 Onwaar
1.2.5 Waar

(5 × 2) (10)

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

1.3
- Regeringsfondse is openbare fondse.
- Departemente
- Begroting
- Finansiële jaar as vaste tydperk
- Begroting as hulpmiddel (5 × 2) (10)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

**AFDELING B**

**VRAAG 2**

2.1
- Gesaghebbend – Dit word deur ’n gemagtigde staatsinstelling of regeringsverteenwoordiger bepaal, byvoorbeeld ’n departementshoof
- Afdwingbaar – Dit word in ’n beleidsverklaring vervat, soos dit in ’n amptelike brief, omsendbrief, departementele riglyne of amptelike mandaat kan voorkom.
- Buigsaam en aanpasbaar – ’n Beleid moet ruimte laat vir veranderinge wanneer omstandighede verskil.
- Uitvoerbaar – Wanneer beleidsvormers ’n beleid formuleer, moet hulle die realiteite van die omgewing en die regering in aanmerking neem.
- Duidelik – Beleide moet duidelik geformuleer word sodat dit maklik en korrek verstaan en vertolk kan word.
- Openbaar – Beleide moet so duidelik moontlik openbaar gemaak word (6 × 4) (24)

2.2
- Die *aristokratiese* stelsel word aangetref in nasies waar die sosiale stand se bewussyn hoog is. Posisies in openbare instellings word toegewys aan diegene wat ’n hoë sosiale status beklee.
- In die *demokratiese* stelsel word amptenare deur kiesers tot openbare posisies verkies.
- In die *buitstelsel* (*spoils system*) wen ’n politieke party ’n verkiesing en kom sodoende aan bewind. Hul kiesers maak dan aanspraak op bepaalde posisies as hul reg vanweë hul lojale ondersteuning.
- In die *merietestelsel* word personeel volgens meriete aangestel. Dit beteken dat hulle op grond van die kwalifikasies en toepaslike ervaring, wat vir die pos vereis word, aangestel word. (4 × 2) (8)

2.3
- Ouditering, inspeksie en verslagdoening
- Die toesighouer se werk is aan inspeksie onderhewig
- Menslikehulpbronbeamptes en afdelingshoofde is teenoor die hoof van hul instelling aanspreeklik.
- Die Staatsdienskommissie is aan die wetgewende gesag aanspreeklik. (4 × 2) (8)

**[40]**

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

**VRAAG 3**

3.1
- Wanneer jy gesag delegeer, beteken dit dat jy gesag of mag aan iemand anders gee of toewys.
- Wanneer gesag gedelegeer word, word aanspreeklikheid en verantwoordelikheid tot stand gebring. (Enige 1 × 2) (2)

3.2
- Die bepaling van die behoeftes aan personeelvoorsiening
- Die bepaling van werwingsvelde
- Die aantrek van kandidate
- Die keuring van personeel (4 × 2) (8)

3.3
- Bepaling van beleid✓ – Beleide voorsien duidelik rigting oor die hoe, wanneer, waar en deur wie die beleid geïmplementeer word, dit wil sê betreffende kwessies van aanstelling van bekwame werkers.✓
- Organisering✓ – Elke instelling het ’n personeelafdeling wat deel van die organisatoriese hiërargie uitmaak, en dit word in afdelings en sektore van departemente ingedeel.✓
- Finansiering✓ – Die instelling se finansiële stand moet sorgvuldig gemonitor word aangesien groot dele van die begroting aan personeel en fasiliteite van die instelling bestee word.✓
- Bepaling van werksprosedures✓ – Werksprosedures word ingevolge wetgewing voorgeskryf, en alle personeelsake moet daarvolgens bedryf word.✓
- Beheer✓ – Elke openbare (staats-) amptenaar van die instelling moet aanspreeklik gehou word vir die besluite wat hulle neem en is vir hul eie optrede verantwoordelik.✓ (5 × 2) (10)

3.4
- Die voorbereidingsfase✓✓
  Die bestuurders van elke departement bespreek en stel hul eie begroting op.✓✓ Ramings van die aard en omvang van die beplande aktiwiteite, met tentatiewe berekeninge van verwagte fondse en besteding oor ’n spesifieke tydperk, moet gedoen word.✓✓

- Die goedkeuringsfase✓✓
  Nadat die minister die begroting in die parlement ter tafel gelê het, moet spesifieke prosesse daarvoor gevolg word om die finale goedkeuring te verkry, in watter stadium dit dieselfde geldigheid as ’n wet het.

- Die uitvoerings-/implementeringsfase✓✓
  Die goedgekeurde begroting word deur die departemente en instellings uitgevoer, en elke uitgawetransaksie moet sorgvuldig geboekstaaf word.✓✓ Spesifieke vereistes word gestel om te verseker dat die gelde goed bestee word.✓✓

- Die beheerfase✓✓
  Aangesien die staat met sy burgers se geld werk, moet die ouditeur-generaal elke openbare rekening ondersoek sodat enige onreëlmatighede opgespoor en daaroor aan die parlement verslag gedoen kan word.✓✓ (20)

**[40]**


Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

**VRAAG 4**

4.1

- Programbegroting✓ – Die doelwitte wat bereik moet word en die fondse wat verlang word, word hierin uiteengesit. Die instelling se doelwitte word duidelik in hierdie begroting verklaar. Die items wat genoem word, is byvoorbeeld behuising, R100 000; onderwys, R1 000; ensovoorts.✓✓
- Gespesifiseerde begroting✓ – In hierdie begroting word aangedui hoeveel geld aan spesifieke goedere en dienste bestee gaan word om vaste doelwitte te bereik. Die instelling se doelwitte as sodanig word nie hierin weergegee nie. Die items wat in die begroting gespesifiseer word, is byvoorbeeld sement, R500; bakstene, R400; en so meer.✓✓ (2 × 3) (6)

4.2

| VOORDELE | NADELE |
|---|---|
| • Stel die senior bestuur vry om op die strategie te konsentreer✓✓<br>• Beter motivering vir die personeel vanweë meer opleiding en beter✓✓ loopbaanpad-geleenthede✓✓<br>• Beter besluite op plaaslike vlak geneem vanweë plaaslike kundigheid<br>• Vinniger reaksies vanweë die korter bevelsketting | • Verlies van beheer deur die senior bestuur✓✓<br>• Swak besluitneming weens 'n gebrek van ooreenkoms oor of begrip van doelstellings✓✓<br>• Swak besluite deur onervare bestuurders geneem✓✓<br>• Hoë opleidingskoste<br>• Duplisering van rolle |

(6 × 2) (12)

4.3

- Staatspresident
- Ministers
- Voorsitter van die Nasionale Raad van Provinsies
- Speaker
- Premiers van die provinsies
- Lede van die provinsiale uitvoerende komitees (LUK's)
- Burgemeesters
- Lede van die munisipale uitvoerende en bestuurskomitees (Enige 6 × 2) (12)

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

4.4
- Suiwer winsgerigte organisasies✓
  Die hoofdoel van hierdie organisasies is om wins te maak, hulle is gemoeid met produksie, en hulle word aan die hand van regulasies, belastings en lisensiëring deur die staat beheer.✓
- Staatsondernemings of -departemente✓
  Hierdie ondernemings of departemente het 'n politieke hoof en beskik oor breë magte om namens die regering op te tree, onderhewig aan die eise van die publiek.✓
- Kommersiële staatsondernemings, maatskappye in staatsbesit en staatsinstellings of semistaatsinstellings✓
  Dit is organisasies wat as staatsinstellings geregistreer word. Hulle lewer noodsaaklike dienste teen 'n koste; hulle is selfbeskikkend; en hulle funksioneer op 'n winsgewende grondslag.
- Beheerrade✓
  Hierdie rade bestaan om boerderyprodukte te beskerm en hulle is verantwoordelik om sodanige produkte te bemark.✓
- Enkeldoelige rade✓
  Hierdie rade bestaan vir 'n enkele doel en word aan oudits onderwerp aangesien hulle subsidies van die regering af ontvang.✓ (5 × 2) (10)

**[40]**

## VRAAG 5

5.1
- Politiekeparty-beleid
- Regeringsbeleid
- Departementele beleid
- Administratiewe beleid (4 × 2) (8)

5.2
- Parlement
- Staande Komitee vir Openbare Rekeninge
- Departement van die Nasionale Tesourie
- Die Suid-Afrikaanse Reserwebank
- Rekeningkundige beamptes
- Departementele rekenmeesters
- Die Ouditeur-generaal
- Wetgewers/wetgewende gesag (4 × 2) (8)

5.3
- Posvestigingsrekords
- Rekords van poste wat gevul of vakant gelaat is
- Verlofrekords
- Rekords van kandidate wat na werk soek
- Aftrederekords
- Korrespondensielêers
- Persoonlike lêers vir die individuele beamptes (Enige 5 × 2) (10)


Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

5.4
- Horisontale verdeling van werk
- Toewysing van gesag
- Koördinering van aktiwiteite
- Reëlings vir kommunikasiekanale
- Instelling van beheermaatreëls (10)

5.5
- Trevor Manuel
- Pravin Gordhan
- Nhlanhla Nene
- David Douglas van Rooyen (Enige 2 × 2) (4)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 160**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou
Downloaded from www.mycourses.co.za